VIR DIE JONGKLOMP

VRUG VAN DIE GEES – NEDERIGHEID

WEES DIENSBAAR EN SAGMOEDIG

KORINGKORREL

Gereformeerde Kerk Gobabis
KERKKANTOOR:
Posbus 146 - Gobabis
Tel: 56 2789 - Faks 56 4769 / 088 651 8435
E-pos: gerfgbs@iway.na

Sondag 12 Julie 2015

IN DIE EREDIENS

OGGENDDIENS
Ds Dirk Kotzee

Skriflesing: Gal 5: 13-26; Fil. 2: 5-11
Fokus: Gal 5:22; Fil 2:5-11
Tema: Die vrug van die Gees is ook nederige / sagmoedige diensbaarheid
Sang: Lied 151: 1; Ps 107: 1 & 10; Ps 103-3: 1; Lied 334: 2-4;

RONDOM DIE EREDIENS

Konsistorie Diensbeurt: Wyk 12
Ouderling: Br Chris Opperman
Diaken: Br Otto Lück
Teeskink: Susters Wyk 12

Kollektes
Blou Sakkie
Oggend: Bybelverspreiding
Swart Sakkie
Diens van Barmhartigheid

KATKISASIE:
LAERSKOOL: Geen Katkisasie vanoggend vir die laerskoolkinders nie.
BELYDENISKLAS: 18:00 vanaand by die Pastorie
GR 9: Maandag 14:00 by die Pastorie

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die lidmate wat die komende week verjaar!

12/07	Sr Hanlie Peters
13/07	Dpl Adriaan Labuschagne
	Dpl Jano van der Merwe
14/07	Sr Lilla Labuschagne
15/07	Dpl Cecilie Opperman
17/07	Sr Danelle Taljaard (Ghanzi)
18/07	Sr Annatjie Lück

LIEF EN LEED

- Br Okkie Vermeulen was die afgelope week in die kliniek met longontsteking, maar sterk weer tuis aan.
- Br Jaco Potgieter was die afgelope week in die kliniek, maar sterk weer tuis aan.
- Br Bekkies Maree was in Windhoek vir ondersoeke

BELANGRIKE DATUMS

17/07	Nie-bederfbare beloftes vir die Kerkmark (funksie) kan by die kerkkantoor afgegee word
25-26/07	Ghanzi Voorbereiding en Nagmaal
27/07	Vleis beloftes moet by die kerk afgegee word.
28-29/07	Vleiswerk vir Kerkmark
01/08	Kerkmark (Funksie)

KLANKOPNAMES VAN PREKE

Sondae se dienste word opgeneem en klankopnames kan by die kerkkantoor aangevra word. Indien u, u eie CD of USB stokkie voorsien is dit gratis, anders sal 'n bedrag van N$15 betaalbaar wees.

BILTONG EN DROËWORS

Daar is nog wildsbiltong, gemengde biltong en droëwors te koop beskikbaar by die kerkkantoor @ N$60 per 500gr pakkie.

GEBEDSGROEP

Die gebedsgroep kom Maandagoggende van 07:15 tot 07:30 in die Moederskamer bymekaar. Almal is welkom om dit by te woon. U is ook welkom om gebedsversoeke na die kerkkantoor toe deur te gee.

KERKMARK 2015 (FUNKSIE)

BELOOFDE BYDRAES

Die nie-bederfbare beloftes en kontant kan van 17 Julie af by die kerkkantoor of die betrokke sameroepers afgegee word.

VLEISWERK

Die vleiswerk vir die Kerkmark vind Dinsdag en Woensdag 28/29 Julie plaas. Beloofde vleis bydraes moet asb op die laatste Maandag 27 Julie by die kerk se koelkamer afgelewer word. Kontak asb vir Anri by 085 630 2080 indien aflewerings buitev kantoorure moet geskied.

TAFELSAMEROEPERS

Tafelsameroepers van die Kerkmark kan na afloop van die erediens hulle leêrs by die kerkkantoor kom afhaal.

KOPBANDE TE KOOP

Daar is pragtige kopbande te koop by die kerkkantoor ten bate van die Kerkmark se Allerleitafel vir die lekker koue wat nog op-pad is. Groot @ N$30 en Klein @ N$25.